


God
Getrou
Gee om
Goed
In beheer
Salomo
Lief vir die Here
Roepingsbewus
Nederig
Onselfsugtig
Israel
Uitverkore
Groot


God
Gemeente
Minder
Ouer
Armer
Wêreld/
Konteks
Nuwe Suid-Afrika
Blootstelling
Afrikaanssprekend
es
Tegnologie

LAAT ONS BID

1 Kon 3:2-15

God het vir Salomo geroep om koning te wees oor sy volk Israel (:7). Kom ons stel dit voor as drie sirkels: God … Salomo … Israel.

**<u>Wie is God in hierdie verhaal?</u>** Hier word verwys na God se "TROU". Hy is 'n Staatmaker. Hy hou woord, kom sy beloftes na.
Dit is verder duidelik dat God OMGEE. Hy gee om vir sy volk en Hy gee om vir Salomo. Hy kom soek die nuwe koning op en gee hom as't ware 'n blanko tjek om te kan vra wat hy wil (:5).
God se GOEDHEID blyk ook daaruit dat Hy, nadat Salomo sy wens uitgespreek het, aan hom **veel meer** gee as wat hy gevra het. Behalwe wysheid en insig, gee Hy ook *rykdom* en *aansien* en belowe Hy hom 'n *lang lewe*. Daar is egter 'n **voorwaarde** aan lg verbonde: Salomo moet hom *hou aan God se voorskrifte en gebooie*. Dit sal 'n **gunstige klimaat** skep vir God se beloftes om in te gedy.
Uit dit alles blyk duidelik dat God in BEHEER is. Daarom kan Hy hierdie beloftes maak.

**<u>Wat hoor ons hier van ISRAEL?</u>** Hulle was God se UITVERKORE volk, so GROOT dat hier staan hulle was *"te veel om te tel"* (:7). (SA=50 milj)

**<u>Hoe leer ons vir SALOMO hier ken?</u>** Vers 3 verwys na sy liefde vir die Here – Hy het die HERE LIEFGEHAD en dit **gewys** deur sy dade. Hy het die feit dat hy **koning geword** het aan God toegeskryf – dit was God wat hom as koning GEROEP en aangestel het (:7). Hy was NEDERIG en maar te bewus van sy *verantwoordelikheid* en van sy *afhanklikheid* van God om hierdie roeping behoorlik te kan vervul. Hy was jonk en onervare. In die oorspronklike taal verwys Salomo na homself as *"'n klein seuntjie"* wat nie weet *"hoe om in of uit te gaan"* nie. Terselfdertyd besef hy dat *niemand* in elk geval die taak uit homself kan uitvoer nie. Uit **sy gebed** is dit verder duidelik dat hy kon ONDERSKEI waarop dit aankom. Hy vra niks SELFSUGTIGs nie. Hy vra nie vir *mag of rykdom* of 'n *lang lewe* nie. Hy wil net graag sy roeping so goed as moontlik vervul. Hy wil God nie teleur stel nie. Daarom vra hy: *"Gee my gehoorsaamheid aan U dat ek U volk reg sal regeer en in alles insig sal hê …"* (:9) Die Hebreeus praat van 'n *"horende/luisterende hart"*.

**Kom ons trek weer drie sirkels, maar die slag noem ons hulle <u>God</u>, <u>Gemeente</u> en <u>Wêreld</u> (konteks).**
PYL: GOD het ons as GEMEENTE soos vir Salomo geroep om 'n verskil te maak in die WêRELD.
**GOD** is **nog dieselfde** as in Salomo se tyd. Hy is nog steeds **getrou** aan sy Woord en beloftes, **genadig en goed en in beheer en verwag** nog altyd dat ons sal lewe ooreenkomstig Sy wil. Hy is

**by magte en gewillig** om ons alles te gee wat nodig is om aan ons **roeping** te kan beantwoord.

**Daarvoor is dit nodig** dat ons ook soos Salomo vir Hom sal **lief wees** en **tyd saam** met Hom sal deurbring (offers); sal onthou dat ons **geroepenes** is; **nederig** sal wees en ons **afhanklikheid sal erken; daarom sal bid, veral** vir *gehoorsaamheid, wysheid en insig* omdat ons weet dat ons nie uit ons eie kan kerk wees soos wat dit behoort te wees nie.
**Basies** is alle gemeentes te alle tye se **roeping dieselfde.** Elke gemeente het egter ook ‘n **spesifieke roeping** wat saamhang met sy *samestelling en konteks* – maw die gemeente se omstandighede en omgewing. En omdat dit dinge is wat **kan verander**, moet ‘n gemeente ook gereeld weer nadink oor sy ROEPING.
Dink maar net ‘n bietjie aan hoedat **Constantiagemeente se samestelling** die afgelope jare verander het. Die lidmate het OUER en MINDER en die gemeente het ARMER geword (1/2 van lidmate in 1985). Dit het nie net ‘n **uitwerking** op *erediensbywoning* nie, maar ook op *aksies en projekte*. Daar is bv lankal nie meer ‘n Kinderkrans en ‘n Vrouediens in die gemeente nie. Die kerkraad is verklein. Ons kan sekere verdienstelike sake nie meer finansieël ondersteun nie. Maar dit wil nie sê ons het nie meer ‘n **roeping** nie. Ons moet **die klem** dalk net iewers anders laat val.

Dink aan hoedat ons KONTEKS, die wêreld rondom ons nie verander het nie. Die **Berlynse muur** het geval. Die **Grensoorlog** is verby. Die kerk speel in die algemeen **sedert 1994** ‘n heeltemal ander rol in die samelewing as daarvoor. Van ons buurgemeentes en selfs ons het baie lidmate verloor weens **regstellende aksie**. Die situasie in die **skole** het baie verander. Daar is **minder sensuur** en **groter blootstelling** aan ander godsdienste en standpunte. Iets soos **Vigs en Tik** het ‘n geweldige impak op die samelewing. Die **Afrikaanssprekendes** in die omgewing het drasties afgeneem en hier is feitlik nie meer ‘n skool wat uitsluitlik Afrikaansmedium is nie. Die **getal NG gemeentes** in die Ring van Wynberg het afgeneem van 13 tot 9. Die koms van **internet en selfone en Power Point, CD en DVD** raak ons en ons roeping ook ten nouste.

Hoewel ons nog **dieselfde roeping** as vroeër jare het, sal ons ons **maniere en fokus** gedurig moet aanpas soos wat ons **samestelling en kontek**s verander. (Salomo!). (2003: Herstel Eden …) **Ons sal weer moet vra:** *Wie is <u>ons</u> vandag? Waarmee het God ons <u>toegerus</u> wat mense, gawes en middele betref? Wat is die <u>nood</u> in ons omgewing? Waar kan en behoort ons ‘n <u>verskil</u> te maak? Wie is <u>God</u> vir ons in hierdie tyd? Wat <u>glo</u> ons van Hom? Wat kan ons van Hom <u>verwag</u> en wat nie?*

Gemeente, ek dink ons almal verstaan dat ons nie maar vir altyd kan voortgaan **op dieselfde patroon** as ons aan ons roeping

getrou wil wees nie. Daar is die verhaal van **die brug** wat oor ‘n rivier gebou is. Toe kom daar ‘n groot vloed wat die rivier se loop heeltemal verander het. Nou staan die brug nog daar op droeë grond, maar dit dien geen doel meer nie. Die rivier loop nie meer daar onderdeur nie.
Geliefdes, dit wat in die **verlede goed was en gewerk het**, is dit nie noodwendig vandag meer nie. Ons moet dalk vandag **nuwe brue bou** om by die jeug, by die kerkloslidmate en by die nie-christene uit te kom. Anders loop Constantiagemeente ook die gevaar om ‘n **brug op droeë grond** te word.

**Ons vra dus u almal se gebede**. Gebed is ‘n *voorreg*, maar ook ‘n *noodsaaklikheid*. Dit was toe **Salomo gaan offer** het dat God aan hom verskyn het. Neem deel aan ons **Gebedsdag**. *Soek saam met ons* na die Here se wil, na wysheid en insig soos wat Salomo gebid het. En onthou om te **begin by ‘n persoonlike oorgawe**, by die gebed om *gehoorsaamheid*. Die Here het sy volk by monde van **Jeremia belowe**: *“Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.”* (29:13)
Ons lees in **Jakobus:** “*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan Hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Maar ‘n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie…”* (1:5)
**Hoe sterk glo ons in die krag van gebed?** Ons lees dat **Salomo dadelik** na die droom vir die Here *offers* gaan bring het en ‘n *feesmaal* vir al sy amptenare gegee het. Hy het *nog niks gesien of ontvang* nie, maar was oortuig dat God hom nie sou teleur stel nie.
Gemeente, al is ons minder, ouer en armer, roep God ons nog steeds om ‘n verskil te maak in die wêreld. Laat ons NIE in ONTKENNING leef/ WEGHARDLOOP/ TE SELFVERSEKERD wees nie, MAAR: LAAT ONS BID!
Amen

**Bespreking:**
1. Watter veranderinge het julle gesien
   (a) in die gemeente
   (b) in die omgewing?
2. Hoe voel julle daaroor?
3. Wat dink julle staan die gemeente te doen om nie “’n brug oor droeë grond” te wees/word nie?

*(Die brug is destyds in die Suid Amerikaanse staat Honduras oor die Choluteca-rivier gebou en is in 1998 deur die orkaan Mitch getref. As jy ‘n foto daarvan wil sien, kan jy dit Google - praat van konteks wat verander het!)*